Suid-Afrikaanse vuurwapenwetgewing onder skoot: Hoe koeëlvas is die Wet op Beheer van Vuurwapens 60 van 2000?

Rinda Botha, Hendrik Maree

Rinda Botha, Departement Straf- en Geneeskundige Reg, Universiteit van die Vrystaat

Hendrik Maree, LLM-student, Departement Straf- en Geneeskundige Reg, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Met die inwerkingtreding van die Suid-Afrikaanse Wet op Beheer van Vuurwapens 60 van 2000 in 2004 het die land ’n algeheel nuwe, uiters streng, dalk selfs drakoniese koers ingeslaan wat vuurwapenbeheer betref. Hierdie stap is in daardie stadium uit verskeie oorde lof toegeswaai. Tog lyk die huidige stand van sake veel minder rooskleurig. Die regering moes al self erken dat sy pogings om onwettige vuurwapens te verminder deur wettige vuurwapens strenger te reguleer, nie juis die gewenste uitwerking gehad het nie. Desondanks het die onlangse Wet op Gevaarlike Wapens 15 van 2013, wat op 2 Januarie 2014 in werking getree het, slegs geringe wysigings aan voormelde wetgewing aangebring sonder om die werklike knelpunte op te los. Hierdie artikel onderneem eerstens ’n historiese oorsig van die Wet op Wapens en Ammunisie 75 van 1969, wat tot 2004 gegeld het, en konsentreer dan op die plaasvervangende Wet op Beheer van Vuurwapens. Bepaalde positiewe en negatiewe aspekte van die wet word uitgelig om sodoende die huidige benadering tot vuurwapenbeheer in Suid-Afrika duidelik te omlyn. Daarna verskuif die klem na die buiteland in ’n vergelykende studie van die vuurwapenwetgewing in sowel die Amerikaanse state Texas en New York as Kanada. Hierdie drie jurisdiksies en Suid-Afrika se benadering tot hand- en ander vuurwapens word telkens aan die hand van die volgende konkrete vrae ontleed: Is ’n lisensie/permit nodig om ’n wapen te koop? Moet die wapen geregistreer word? Moet die wapeneienaar geregistreer word? Is ’n permit nodig om die wapen te dra? Hierdie praktiese ontleding lei tot twee hoofgevolgtrekkings, naamlik dat drakoniese vuurwapenwetgewing nie noodwendig die antwoord op Suid-Afrika se misdaadprobleem is nie, en dat Suid-Afrika baie kan leer by veral die huidige benadering tot vuurwapenbeheer in Kanada.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Trefwoorde: Bevoegdheidsertifikaat; geweer en haelgeweer; handwapen; selfverdediging; vuurwapen; vuurwapenlisensie; vuurwapenregistrasie; Wet op Beheer van Vuurwapens; Wet op Wapens en Ammunisie

Abstract

South African firearm legislation under fire: How shot-proof is the Firearms Control Act 60 of 2000?

With the introduction of the South African Firearms Control Act 60 of 2000 in the year 2004, the country seemed to have changed tack, opting for a vastly different, extremely rigid, maybe even draconian approach to firearms control. At the time this step was welcomed and praised from various quarters. However, judging by the current state of affairs, the euphoria appears to have died down. In fact, government itself has been forced to admit that its efforts to reduce the circulation of illegal firearms by exercising stricter control over legal firearms failed to produce the desired effect. More particularly, questions have been raised about the requirement to license firearms for a specific purpose, strict relicensing requirements along with other obstacles put in the way of those who wish to obtain a firearm for purposes of self-defence in a country plagued by crime. Despite this, the recently promulgated Dangerous Weapons Act 15 of 2013, which took effect on 2 January 2014, has introduced only minor amendments to the aforementioned act without addressing the actual problems.

To set the scene, this article firstly undertakes a historical overview of the Arms and Ammunition Act 75 of 1969, which applied up until 2004, the provisions of which largely corresponded with those of the new legislation: it required applicants to have an appropriate licence to own a firearm, pass a criminal record check, and motivate in their applications why they needed the firearm. However, the act had certain shortcomings. These included much too broad a spectrum of police competencies in issuing firearms without any clear guidelines; the lifelong validity of firearm licences; no restrictions on the number of firearms that a person was permitted to own, and the relatively low age of 16 at which one was able to obtain a firearm licence.

These and other flaws motivated the drafting of new legislation, which came in the form of the Firearms Control Act of 2000 – the focus of the second component of the article. Positive features introduced by this act include clearer guidelines on what renders a person fit to possess a firearm; granting extended powers to the police to combat firearm-related crime; increasing the age restriction for firearm ownership to 21, and certain restrictions on the number of firearms permitted per person as well as on the period of validity of firearm licences. On the downside, however, the act introduced extremely strict prescripts about the licensing of firearms intended for self-defence, as well as draconian control over legal firearms. Unfortunately, as mentioned above, the Dangerous Weapons Act of 2013 has not managed to change much

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

with regard to these negative aspects of the Firearms Control Act, and South Africa is thus continuing its extremely harsh approach to legal firearm ownership.

For the third component of the study the focus shifts beyond South African borders in a comparative review of the firearm legislation in the American states of Texas and New York as well as in Canada. The approach to handguns and other firearms, including shotguns and rifles, in South Africa as well as the aforementioned three foreign jurisdictions is analysed by asking the following key questions in respect of each:

(i) Does one require a licence/permit to buy a firearm?

(ii) Must the firearm be registered?

(iii) Must the firearm owner be registered?

(iv) Does one require a permit to carry the firearm?

In South Africa, in keeping with the country's draconian approach to the possession of firearms, the answer to all these questions in respect of all types of firearms is "yes", except for the question on permits for carrying firearms, which are not currently required.

Even from the Texas constitution that jurisdiction's much more liberal approach to firearm legislation and control is already evident: The constitution explicitly guarantees the right to own a firearm. Further differences include that no licences are required to buy handguns or any other firearms in the state of Texas, and that neither firearms nor their owners need to be registered. In Texas, the answer to all the questions above is therefore "no", except for the question on permits in respect of handguns, as a so-called CCP (concealed carry purposes) permit needs to be applied for when one wants to carry a handgun in a concealed fashion.

Firearm legislation in the state of New York appears to be more stringent than that in Texas, particularly relating to handguns. A licence is required to buy a handgun, not for other firearms. Only when one buys a handgun do both the firearm itself and the owner need to be registered. An additional permit is needed for carrying a handgun, for which a separate set of requirements applies. Therefore in the state of New York the answer to all the questions above is "no" in relation to rifles and shotguns, but the state's stricter approach is reflected in a "yes" in response to all questions pertaining to handguns. Despite this, however, the approach in New York remains much less restrictive than the current legislation in South Africa.

After Canada had attempted to exercise draconian control over legal firearm ownership from 1934, new legislation passed in April 2012 has abolished the

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

registration of rifles and shotguns – mainly due to the enormous costs associated with maintaining such a weapons register. However, a firearm licence is still required for all types of firearms, as is the registration of all firearm owners. In addition, weapon registration and a carrying permit remain requirements in respect of handguns, although not for other firearms. In Canada – as in New York – the answer to all the questions above is therefore "yes" in respect of handguns, while the approach to other firearms has been substantially relaxed.

Based on the comparative study, the article comes to three broad conclusions. Firstly, it seems that the states of Texas and New York as well as Canada generally have less restrictive firearm legislation than the crime-afflicted South Africa. For example, not one of the three jurisdictions limits its citizens to one firearm for purposes of self-defence. Therefore extreme firearm legislation may not be the answer to the crime problem in South Africa. For instance, as far as the mandatory registration of all firearms in South Africa is concerned, government would be well advised to draw lessons from New York and Canada, where the registration of firearms other than handguns has been abolished. These developed countries realised that, even with the resources at their disposal, impractical and ill-considered firearm legislation requires enormous public spending to give effect to. South Africa should therefore follow suit and consider abolishing the registration of rifles and shotguns, retaining the registration requirement in respect of handguns only. This would be justified by the fact that handguns are by far the most used instrument in incidents of crime, therefore necessitating stricter control measures.

Secondly, the only respect in which Texas, New York and Canada's legislation is more restrictive than South Africa's seems to be the additional requirement of a special permit for carrying a concealed firearm. In all three foreign jurisdictions, a concealed carrying permit is required for the concealed carrying of a handgun, but not in South Africa. This gives rise to the question whether the South African authorities should not consider less restrictive legislation pertaining to the ownership of firearms, but more restrictions in respect of the concealed carrying thereof in public, as this may very well strengthen current crime prevention efforts.

Finally, it is concluded that even though the approach in Texas may in general be somewhat too liberal for a country such as South Africa, we may benefit particularly from the approach in Canada, namely to strictly regulate the ownership of handguns but relax some of the current draconian and costly control measures pertaining to other types of firearms.

Keywords: Arms and Ammunition Act; competency certificate; firearm; firearm licence; firearm registration; Firearms Control Act; gun and shotgun; handgun; self-defence

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

1. Inleiding en woordomskrywing

> Laws that forbid the carrying of arms ... disarm only those who are neither inclined nor determined to commit crimes ... Such laws make things worse for the assaulted and better for the assailants; they serve rather to encourage than to prevent homicides, for an unarmed man may be attacked with greater confidence than an armed man. (Cesare Beccaria, 1735–1794)[1]

1.1 Agtergrond

Die Wet op Beheer van Vuurwapens[2] het in 2004 in werking getree en radikaal van die voormalige Wet op Wapens en Ammunisie verskil.[3] Die nuwe wet het onder andere bepaal dat alle gelisensieerde vuurwapeneienaars in die land oor ’n tydperk van vyf jaar opnuut om hul bestaande vuurwapenlisensies aansoek moet doen. Die nuwe wetgewing is uit verskeie oorde lof toegeswaai. Die regering het aangevoer dat dit deel uitmaak van sy aanslag op die hoë misdaadvoorkoms in ons land; teen-vuurwapen-aktiviste was in hulle noppies, en selfs die Instituut vir Sekerheidstudies het dit onderskryf.[4]

Die huidige stand van sake lyk egter veel minder rooskleurig. Die regering moes self erken dat sy pogings om wettige vuurwapens te herlisensieer, deur wanorde, agterstallige werk en ander oponthoude bemoeilik is.[5] Vrae is veral geopper oor die lisensiëring van vuurwapens vir ’n spesifieke doel, herlisensiëringsvereistes en ander struikelblokke vir diegene wat in ’n misdaadgeteisterde land ’n vuurwapen vir selfverdediging wil bekom.[6] Desondanks het die onlangse Wet op Gevaarlike Wapens,[7] wat op 2 Januarie 2014 in werking getree het, slegs geringe wysigings aan voormelde wetgewing aangebring sonder om bogenoemde knelpunte op te los.

Hierdie artikel konsentreer op die doeltreffendheid van die bestaande lisensiëringsproses volgens Suid-Afrikaanse vuurwapenwetgewing, asook die beperkinge wat daaruit spruit. In die soeke na die doeltreffendste metode van vuurwapenbeheer word ’n vergelykende studie van die vuurwapenwetgewing van sowel die Amerikaanse deelstate Texas en New York as Kanada daarna onderneem.

1.2 Woordomskrywing

In hierdie artikel word daar na hand- en ander vuurwapens verwys. Albei hierdie begrippe word in artikel 1 van die Wet op Beheer van Vuurwapens omskryf. Die omskrywings lui soos volg:[8]

> *handwapen*
>
> ’n pistool of rewolwer wat in een hand gehou en afgevuur kan word ...

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

> *vuurwapen*
>
> enige –
>
> (a) toestel wat vervaardig of ontwerp is om ’n koeël of projektiel voort te dryf deur ’n loop of silinder deur middel van brandende dryfmiddel, teen ’n loopenergie wat 8 joule (6-vt-pd) oorskry;
>
> (b) toestel wat vervaardig of ontwerp is om randvuur-, slenterslag- of naaldvuurammunisie af te vuur;
>
> (c) toestel wat nie op die tyd in staat is om ’n koeël of projektiel af te vuur nie, maar wat geredelik verander kan word om ’n vuurwapen binne die bedoeling van paragraaf (a) of (b) te wees;
>
> (d) toestel vervaardig om ’n koeël of enige ander projektiel van .22-kaliber of hoër teen ’n loopenergie van meer as 8 joule (6-vt-pd), deur middel van saamgeperste gas en nie deur middel van brandende dryfmiddel nie, af te vuur; of
>
> (e) loop, raam of romp van ’n toestel bedoel in paragraaf (a), (b), (c) of (d), maar nie ook ’n toestel in artikel 5 beoog nie.[9]

Gewere en haelgewere, waarna die artikel óók verwys, sou dus ook onder die omskrywing van *vuurwapen* val.

2. Vorige wetgewing: die Wet op Wapens en Ammunisie 75 van 1969

2.1 Historiese oorsig

Vuurwapenaangeleenthede is voorheen deur die Wet op Wapens en Ammunisie gereël. Hierdie wet is in die geheel deur die Wet op Beheer van Vuurwapens herroep toe dit in 2004 in werking tree.

Die basiese bepalings van die Wet op Wapens en Ammunisie het grotendeels met dié van die nuwe wetgewing ooreengestem. ’n Persoon kon ’n vuurwapen besit slegs indien hy/sy ’n lisensie daarvoor gehad het.[10] Aansoekers moes ook ’n misdaadgeskiedenistoets slaag en in hul aansoeke motiveer waarom hulle die vuurwapen nodig het.[11] Sodanige persone was ook verantwoordelik vir die veilige bewaring van hul vuurwapens, en indien hulle sou versuim om enige van die bepalings na te kom, kon hulle aan ’n misdryf skuldig bevind word.[12]

2.2 Negatiewe aspekte van die wet

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Die Wet op Wapens en Ammunisie het egter sekere tekortkominge gehad wat die wetgewer genoop het om nuwe wetgewing uit te vaardig. Van hierdie tekortkominge wat mettertyd uitgewys is, kan soos volg saamgevat word:

- Die wet was in moeilike regstaal geskryf en is etlike kere gewysig.[13]
- Die polisie se bevoegdhede om ’n vuurwapen uit te reik was te wyd en duideliker riglyne was in hierdie verband nodig.[14]
- Indien ’n persoon ’n lisensie ontvang het, het dit gegeld vir solank die persoon leef, mits hy/sy nie deur ’n hof onbevoeg verklaar word of hom/haar aan sekere misdrywe skuldig maak nie.[15]
- Daar was geen beperking op die getal vuurwapens wat ’n persoon kon besit nie. Juis hierdie bepaling het verskeie skuiwergate in die wet tot gevolg gehad, waaronder die bekende “strooipopbeginsel”. Hiervolgens kon ’n persoon ’n vuurwapen koop namens ’n ander persoon wat onbevoeg verklaar is, en bloot die wapen vir die skyn in sy eie naam registreer.[16]
- ’n Persoon kon reeds op die ouderdom van 16 om ’n vuurwapenlisensie aansoek doen.[17] Hierdie ouderdomsperk val uiters vreemd op, aangesien ’n 16-jarige nog nie eens ’n rybewys kon bekom nie, wat nog te sê die verantwoordelikheid aan die dag lê om ’n vuurwapen te besit.
- ’n Vuurwapeneienaar kon vir ’n sekere tydperk ’n vuurwapen aan ’n ander persoon leen.[18] Veral hierdie laksheid in die wet het tot misdaad en onverantwoordelike gedrag deur vuurwapeneienaars bygedra.[19]
- Voorsiening is gemaak dat vuurwapens in die naam van ’n maatskappy of onderneming geregistreer kon word. ’n Onderneming kon dan die wapens na goeddunke aan sy personeel leen.[20] Bepaald die privaat veiligheidsektor het van hierdie vergunning gebruik gemaak. Die probleem hiermee was dat wapens dus aan persone uitgereik kon word wat dikwels nie die nodige opleiding of ondervinding gehad het nie.[21]

Die swak toepassing van die wet het tot verdere probleme aanleiding gegee.[22] ’n Goeie aanduiding hiervan is *Minister of Safety and Security v Van Duivenboden.*[23] Hierdie saak het gehandel oor die swak toepassing van artikel 11 van die wet, wat voorsiening gemaak het vir ’n ondersoek na ’n persoon se bevoegdheid om ’n vuurwapen te besit.

Die bedoeling van artikel 11 word soos volg in die betrokke saak uiteengesit:

> Artikel 11 van die Wet op Wapens en Ammunisie 75 van 1969 stel lede van die Polisiediens in staat om ’n persoon in sekere omstandighede van vuurwapens te ontneem. Die gronde waarop iemand onbevoeg verklaar kan word om vuurwapens te besit, sluit in dat die persoon “gedreig het of die voorneme uitgespreek het om homself of enige ander persoon met behulp van ’n wapen dood te maak of te beseer” en dat die persoon se “besit van ’n wapen nie in die belang van ... enige ander persoon is nie vanweë sy geestestoestand, ... of sy afhanklikheid van bedwelmende drank”.[24]

In hierdie saak het die polisie nagelaat om ’n ondersoek na die betrokkene se bevoegdheid om ’n vuurwapen te besit, van stapel te stuur, met tragiese

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

gevolge: Ene B het twee gelisensieerde vuurwapens besit. Hy het hom gereeld aan alkohol vergryp en was dan geneig om aggressief te word en sy gesin te mishandel. Op 25 Oktober 1995 het ’n huishoudelike rusie tussen B en sy vrou ontstaan nadat B hom weer aan alkohol vergryp het. B het albei sy vuurwapens gelaai, ekstra ammunisie om sy middel vasgemaak en geskiet na sy vrou, wat saam met hul jong seun oor die pad na die eiser se eiendom kon ontsnap. Nadat B hul dogter doodgeskiet het, het hy sy vrou agternagesit en vermoor. Hy het ook die eiser in die enkel en skouer geskiet. Die polisie was in besit van inligting oor B se bevoegdheid om vuurwapens te besit lank voordat die eiser geskiet is. Hoewel sekere inligting ook van B se vrou bekom is, het lede van die polisie oor direkte inligting beskik as gevolg van twee vorige geleenthede toe hulle ontbied is om B se dreigemente om sy vrou en gesin te skiet, te ontlont.[25]

In die lig van die gemak waarmee ’n persoon ingevolge die ou wetgewing ’n vuurwapen kon bekom én die stand van misdaad in die land, was daar dus voldoende gronde om nuwe wetgewing uit te vaardig.

3. Huidige wetgewing: Die Wet op Beheer van Vuurwapens 60 van 2000

Soos reeds genoem is, het die Wet op Beheer van Vuurwapens die Wet op Wapens en Ammunisie in 2004 vervang. Die aanhef van die nuwe wet lui:

> AANGESIEN elke persoon beskik oor die reg tot lewe en die reg tot die veiligheid van die persoon, wat insluit, onder meer, die reg om vry te wees van alle vorme van geweld van óf publieke óf private oorsprong;
>
> EN AANGESIEN die toereikende beskerming van sodanige regte grondliggend is aan die welsyn en die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van elke persoon;
>
> EN AANGESIEN die toenemende beskikbaarheid en misbruik van vuurwapens en ammunisie beduidend tot die hoë vlakke van geweldsmisdade bydra;
>
> EN AANGESIEN die Grondwet ’n plig plaas op die Staat om die regte soos vasgelê in die Handves van Regte te respekteer, te beskerm, te bevorder en te verwesenlik; ...

Die aanhef van die wet hou direk verband met die Grondwet,[26] en die afleiding kan dus gemaak word dat die wetgewer met die inwerkingtreding van die wet probeer het om aan die grondwetlike bepalings van artikel 12(1)c gehoor te gee.

Artikel 12(1)c van die Grondwet lui op sy beurt soos volg:

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

> (1) Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, waarby inbegrepe is die reg om –
>
> *(c)* vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare hetsy private oorsprong; ...

Die wetgewer gee dus hiermee te kenne dat die beste manier om vryheid en sekerheid van die persoon te bewerkstellig, is om streng vuurwapenwetgewing van toepassing te maak. So ’n standpunt is egter ’n oorvereenvoudiging van ’n uiters ingewikkelde probleem. Vuurwapens is slegs die gereedskap wat gebruik word om misdade mee te pleeg, en ook bloot omdat dit die doeltreffendste manier is vir die leek om sy doel te bereik – of dit nou moord of kaping is. Dit is immers makliker om ’n persoon met ’n pistool as met ’n baksteen te dood.

In die konteks van die wet is die verwysing na artikel 12(1)c van die Grondwet egter ’n tweesnydende swaard. Daar kan ewe maklik geargumenteer word dat omdat persone die reg het om vry te wees van alle vorme van geweld, hulle ook die reg het om hulself teen geweld te beskerm. Indien die wetgewer dus sou probeer om sodanige persone van hul selfverdedigingsvermoë te ontneem sonder om ’n alternatiewe beskermingsmeganisme, soos ’n doeltreffende polisiemag, te voorsien, kan daar aangevoer word dat ook dít op persone se grondwetlike regte inbreuk maak.[27]

3.1 Positiewe aspekte van die wet

Die huidige wetgewing het wel sommige van die tekortkominge van die Wet op Wapens en Ammunisie, wat hier bo uiteengesit is, reggestel, en volgens data wat die Suid-Afrikaanse Polisiediens vrygestel het, was daar vir die tydperk 2003 tot 2011 ’n afname van 14% in die onwettige besit van vuurwapens en ammunisie.[28] Of dít aan die nuwe wetgewing toegeskryf kan word, is egter nie ’n uitgemaakte saak nie. Moord het in dieselfde tydperk met 19% gedaal.[29] Tog word daar nie melding gemaak of dít spesifiek op moord met vuurwapens betrekking het of nie. Van die ander statistieke is egter minder gerusstellend. Huisbraak en -roof het in dieselfde tydperk met 80% toegeneem.[30] Dit is dus doodnatuurlik dat die vraag ontstaan of hierdie buitensporige toename in huisbraak en -roof nie dalk daarmee te doen het dat dit moeiliker geword het om jou te bewapen ten einde jouself en jou eiendom te beskerm en te verdedig nie.

3.1.1 Duideliker riglyne ten opsigte van die bevoegdheid om vuurwapens te besit

Die artikels in die wet wat handel oor bevoegdheidsertifikate en die bevoegdheid om vuurwapens te besit, is beslis beter as dié in die vorige wetgewing. Die omvattende artikel 9 van die wet bevat ’n veel volledige stel maatstawwe waaraan persone moet voldoen voordat hulle om ’n

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

bevoegdheidsertifikaat mag aansoek doen. Volgens Minnaar[31] probeer die wetgewer deur middel van deurtastende ondersoeke na sowel ’n persoon se agtergrond as voorgeskrewe bevoegdheidstoetse, om die onstabiele elemente in die samelewing te verhinder om vuurwapens (op ’n wettige wyse) te bekom.

Die huidige wet is ook duideliker oor wanneer en hoe die polisie of die hof ’n persoon onbevoeg mag verklaar om ’n vuurwapen te besit.[32] Vergeleke met die vorige wetgewing is so ’n verklaring van onbevoegdheid nou ook meer verreikend.[33] Kragtens so ’n verklaring bly ’n persoon nou vyf jaar lank onbevoeg om ’n vuurwapen te besit,[34] terwyl ’n verklaring van onbevoegdheid ingevolge die vorige wet reeds na twee jaar in appèl opgehef kon word.[35]

Alhoewel die instelling van bevoegdheidstoetse prysenswaardig is, heers daar tans twyfel oor die standaard wat vir die aflegging van sowel praktiese as teoretiese toetse vereis word, en word daar beweer dat enige persoon dit na net 20 minute se onderrig kan bemeester.[36] Wanneer dít vergelyk word met die hoeveelheid tyd en energie wat aan die verkryging van ’n rybewys bestee word, kan ’n mens nie anders as om die werklike doeltreffendheid van hierdie nuwe toetse te bevraagteken nie.

3.1.2 Uitgebreide bevoegdhede van die polisie

Die huidige wet verbeter ook die polisie se vermoë om misdaad doeltreffend te bestry. Die polisie se magte word veral uitgebrei deur artikels wat hulle onder andere in staat stel om draers van vuurwapens om inligting te vra,[37] inspeksies van persele te onderneem,[38] liggaamsmonsters van verdagtes te neem[39] en ballistiese toetse te doen op wapens wat vermoedelik in misdaad gebruik is.[40] In die geheel beskou, behoort hierdie maatreëls ’n positiewe uitwerking op die vermindering van vuurwapens in omloop asook op vuurwapengeweld te hê.[41] Die vraag bly egter of dit prakties toepasbaar en uitvoerbaar is deur die polisie, wat reeds ’n tekort aan bevoegde menslike hulpbronne het.[42]

3.1.3 Ouderdomsperk

Ingevolge die huidige wetgewing[43] moet ’n persoon 21 jaar oud wees voordat ’n bevoegdheidsertifikaat uitgereik kan word; kragtens die Wet op Wapens en Ammunisie kon 16-jariges reeds om so ’n sertifikaat aansoek doen. Die verhoging van die ouderdomsperk is prysenswaardig. Tog kan die vraag gestel word of 18 nie dalk ’n meer gepaste ouderdomsperk sou wees nie, veral in die lig daarvan dat ’n 18-jarige landsburger as meerderjarig beskou word, ’n rybewys kan bekom én aan politieke verkiesings mag deelneem.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

3.1.4 Beperkinge op die getal vuurwapens en geldigheidstydperke van lisensies

Alhoewel die huidige wetgewing die aspekte van die toegelate getal vuurwapens en die geldigheidstydperke van lisensies dek wat in die vorige wetgewing ontbreek het, kan dít nie as ’n suiwer positiewe ontwikkeling beskou word nie. Ingevolge die huidige wet verval die geldigheidstydperke van vuurwapenlisensies, en is daar ook ’n beperking op die getal vuurwapens wat ’n persoon mag besit.[44] Waarom ’n lisensie vir ’n vuurwapen wat vir selfverdediging gebruik word, reeds na vyf jaar verval, terwyl dié vir sport en jag eers na tien jaar verstryk, en die toegelate getal vuurwapens vir selfverdediging tot een beperk word in vergelyking met vier vir sport en jag, sal later in hierdie artikel, as deel van die bespreking van die negatiewe aspekte van die wet, aandag geniet.

3.1.5 Die uitleen van wapens en die gebruik daarvan in sakeverband

Ook die laaste twee tekortkominge van die Wet op Wapens en Ammunisie word deur die huidige wetgewing ondervang. Artikel 22 bepaal dat vuurwapens slegs onder toesig uitgeleen mag word, en dan ook vir ’n erkende, geregverdigde doel. Artikel 5 van die wet stel voorts die vereiste dat ’n onderneming vuurwapens aan sekuriteitsbeamptes mag uitreik slegs indien hulle persoonlik oor bevoegdheidsertifikate beskik.

3.2 Negatiewe aspekte van die wet

3.2.1 Voorskrifte ten opsigte van wapenlisensiëring vir selfverdediging

In teenstelling met die Wet op Wapens en Ammunisie, word vuurwapenlisensies ingevolge die nuwe wet vir ’n spesifieke doel uitgereik. Selfverdediging word wel volgens die wet as ’n geldige rede vir vuurwapenbesit beskou, maar is onderworpe aan ’n aantal beperkinge.

Eerstens moet persone in hul aansoek die registrateur oortuig dat hulle hulself en hul eiendom op geen ander wyse as met ’n vuurwapen kan verdedig nie.[45] Die vraag wat hier ontstaan, is presies hoe ’n mens te werk moet gaan om die registrateur daarvan te oortuig dat ’n vuurwapen die enigste doeltreffende selfverdedigingsmetode is. Moet ’n mens dalk sy aandag op die algemene voorkoms van geweldsmisdaad vestig? Hoe oortuig ’n mens die registrateur dat ander maatreëls onvoldoende sal wees totdat sodanige maatreëls jou in die steek laat en ’n aanvaller jou in die gesig staar?[46] Die grootste probleem hiermee is dat die wet geen standaarde of riglyne voorsien nie, behalwe die uiters vae vereiste dat die registrateur tevrede gestel moet word.

Tweedens mag ’n persoon slegs een vuurwapen vir selfverdediging, hetsy ’n handwapen of ’n haelgeweer, besit.[47] Dit is merkbaar min in vergelyking met die vasgestelde vier vir sport en jag, of drie indien jy reeds een vir

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

selfverdediging besit.[48] Teen die agtergrond van die oogmerk om die getal handwapens in omloop te beperk, blyk hierdie vereiste op sigself nie onredelik te wees nie. Handwapens word op stuk van sake verreweg die meeste gebruik in gevalle waar vuurwapens vir misdaad ingespan word.[49] Die probleem wat dit egter skep, is dat ’n persoon slegs wapens wat vir selfverdediging gelisensieer is, vir selfverdediging mag gebruik. Veronderstel jou handwapen (wat vir selfverdediging gelisensieer is) is toegesluit in ’n kluis, soos die wet vereis, en jy moet jouself skielik verdedig.[50] Die enigste wapen binne jou bereik is jou jaggeweer, wat nie vir selfverdediging geregistreer is nie. Soos die wet tans daar uitsien, sal jy jou aan ’n misdryf skuldig maak indien jy jou daarmee verdedig.[51] Die oogmerk van hierdie bepaling word dus tereg bevraagteken en kan as verdere struikelblok dien vir Suid-Afrikaners om hulself teen misdaad te verdedig.

Derdens moet lisensies wat vir selfverdediging uitgereik is, elke vyf jaar hernu word.[52] Die wet swyg oor die rede vir hierdie voorskrif. Lisensies vir jag en sportskiet hoef slegs elke tien jaar hernu te word.[53] Hierdie onderskeid tussen die geldigheidstydperke vir selfverdediging en, byvoorbeeld, jag is onduidelik. Indien aansoekers wél ’n lisensie vir selfverdediging bekom, kan hulle dit dus reeds na vyf jaar weer verloor en moet hulle dan ook weer die ganse aansoekproses volg. Impliseer dit dat selfverdediging minder belangrik is as jag? Die billikheid van hierdie bepaling kan bevraagteken word en skep twyfel oor die doeltreffendheid van die wet om die regte op lewe, vryheid en die sekerheid van die persoon te respekteer.[54]

3.2.2 Drakoniese vuurwapenbeheer

Soos hier bo genoem is, verwys die aanhef van die wet na die hoë vlakke van geweldsmisdaad in die land, en dat vuurwapens daartoe bydra. Daar word ook genoem dat dit die staat se plig is om ’n veilige omgewing vir sy burgers te verseker. Artikel 2(b) stel dit dan ook as die doel van die wet om ’n veiliger omgewing vir sy burgers te skep:

> Die doel van hierdie Wet is om –
>
> (a) ...;
>
> (b) die toename van onwettige besit van vuurwapens te voorkom en, deur voorsiening te maak vir die verwydering van hierdie vuurwapens uit die gemeenskap en deur verbetering van beheer oor die wettige besit van vuurwapens, misdaad waarby vuurwapens gebruik word, te voorkom ...[55]

Een van die hoofdoelstellings van die wet is dus om misdaad te beheer deur onwettige vuurwapens te verminder. Met die voorlegging van die wetsontwerp in die parlement het die destydse minister van veiligheid en sekuriteit, Steve Tshwete, gesê:[56] “Die wetsontwerp is ’n noodsaaklike instrument om

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

geweldsmisdaad te bestry en ’n veilige Suid-Afrika te skep.” By dieselfde geleentheid het die Minister ook die hoop uitgespreek dat die aanvaarding van die wetsontwerp en uiteindelike uitvaardiging van die wet drastiese en volhoubare vermindering van vuurwapengeweld tot gevolg sal hê.[57]

Dit wil dus voorkom of die opstellers van die wet deur middel van die strenger regulering van wettige vuurwapens ook die toename in onwettige vuurwapens wil bekamp.[58] Artikel 2(c) van die wet maak dít duidelik deur onomwonde te noem dat beter beheer oor wettige vuurwapens noodsaaklik is om vuurwapenmisdaad te bekamp.[59] Die wetgewer se onderliggende argument is dat streng beheer oor wettige vuurwapens sal verhoed dat dit in die verkeerde hande beland en sodoende onwettige vuurwapens word.[60] Die waarheid is egter dat misdadigers nie moeite doen om ’n wettige vuurwapen te bekom nie. Daarom lyk dit sinloos om dit vir wetsgehoorsame persone so moeilik te maak om ’n vuurwapen te bekom.

Die wetskrywers probeer dan ook hierdie doelwitte deur middel van bepalings soos artikel 13 bereik.[61] Artikel 13 verbied ’n persoon om meer as een vuurwapen vir selfverdediging te besit. Juis deur die afdwing van sulke ondeurdagte artikels doen die wetgewer sy eie saak kwaad aan. Veronderstel ’n persoon besit ’n semi-outomatiese haelgeweer vir toegewyde sportskiet. Hy mag nie hierdie haelgeweer vir selfverdediging gebruik nie, al is dit uitstekend vir daardie doel. Hy word dus genoop om nog ’n wapen aan te skaf indien hy homself wil verdedig.[62] Kan daar dus werklik gesê word dat die wet deur middel van bogenoemde artikels onwettige vuurwapens verminder?

Jansen en De Klerk[63] meen dat die oorsaak van die misdaadprobleem nie soseer die besit van vuurwapens is nie, maar eerder die regering se onvermoë om misdaad te beheer. Hieroor het hulle dit waarskynlik gelyk. Navorsing toon dat die besit van privaat vuurwapens in Suid-Afrika vergeleke met ander lande nie naastenby so hoog is soos wat sekere skrywers beweer nie.[64] Volgens die opname van kleinvuurwapenbesit in 2007 was Suid-Afrika 50ste uit 178 lande, met gemiddeld 12,7 vuurwapens per 100 mense in die land.[65] Verskeie Eerstewêreldlande, waaronder Switserland (derde, met 45,7 wapens per 100 mense), Finland (vierde, met 45,3 per 100 mense) en Kanada (13de, met 30,8 per 100 mense), is ver bo Suid-Afrika wat wapenbesit per kop betref.[66] Tog word daar in bogenoemde lande veel minder moorde met vuurwapens gepleeg as in Suid-Afrika.[67] Finland en Switserland se wapenbeheerwetgewing is ook baie inskikliker as Suid-Afrika s’n.[68] Bogenoemde data ondersteun dus Jansen en De Klerk se standpunt en toon duidelik dat drakoniese vuurwapenwetgewing nie die oplossing vir Suid-Afrika se misdaadprobleem is nie.

3.3 Samevatting

’n Vuurwapenlisensie vir ’n bepaalde doel, onder andere selfverdediging, jag en sport, word vereis voordat ’n vuurwapen in Suid-Afrika aangekoop mag

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

word.[69] Alle hand- en ander vuurwapens, asook die eienaar, word geregistreer.[70] ’n Aansoeker moet ’n bevoegdheidstoets (prakties én teoreties) aflê voordat ’n bevoegdheidsertifikaat aan hom uitgereik kan word.[71] Die uitreiking van ’n bevoegdheidsertifikaat is voorts onderworpe aan ’n misdaadgeskiedenistoets.[72] Die minimum ouderdomsperk om ’n vuurwapen te kan aanskaf, is 21 jaar en geen bykomende permit word in Suid-Afrika vereis om die vuurwapen te mag dra nie.[73] Artikel 84 van Suid-Afrika se Wet op Beheer van Vuurwapens vereis slegs dat waar handwapens in die openbaar gedra word, dit in ’n pistoolsak of rugsak gedra moet word en dat die eienaar doeltreffende beheer daaroor moet uitoefen.

Die volgende tabel vat die Suid-Afrikaanse stand van sake saam:

	Gewere en haelgewere	Handwapens
Is ’n lisensie/permit nodig om die wapen te koop?	**Ja**	**Ja**
Moet die wapen geregistreer word?	**Ja**	**Ja**
Moet die eienaar van die wapen geregistreer word?	**Ja**	**Ja**
Is ’n permit nodig om die wapen te dra?	**Nee**	**Nee**

4. Die posisie in die staat Texas

4.1 Inleiding

Die handves van regte in die Texas-grondwet bevat die volgende artikel:

> Elke burger sal die reg hê om vir die doeleindes van regmatige selfverdediging of die verdediging van die Staat vuurwapens te besit en te dra; maar die Wetgewer sal volgens wet die reg hê om die dra van wapens te reguleer ten einde misdaad te voorkom.[74]

Hierdie artikel verskil uit die staanspoor drasties van ons Grondwet. Laasgenoemde bevat geen artikel wat die reg op wapenbesit waarborg nie. Artikel 11 (die reg op lewe) en artikel 12 (vryheid en sekerheid van die persoon) kan egter indirek aan so ’n veronderstelling gevolg gee.

4.2 Die lisensiëring en registrasie van vuurwapens, en die bevoegdheid om ’n vuurwapen te besit

Die voorgeskrewe prosedure vir die verkryging van ’n vuurwapen in Texas verskil eweneens skerp van dié in Suid-Afrika.

Geen lisensie word vereis om ’n vuurwapen, onder meer ’n handwapen, geweer en haelgeweer, te besit of aan te koop nie.[75] Dus hoef nóg die

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

vuurwapen nóg die persoon wat dit koop, geregistreer of gelisensieer te wees.[76] Tog moet ’n persoon sowel nugter as ouer as 18 jaar wees om ’n vuurwapen te mag koop.[77] Daar word ook ondersoek ingestel of ’n voornemende koper ’n misdaadgeskiedenis het of nie.[78]

By die aankoop van ’n handwapen vir doeleindes daarvan om dit op versteekte wyse te dra (oftewel vir “concealed carry purposes” of CCP) geld bykomende maatreëls egter. ’n Persoon wat so ’n vuurwapen aankoop, moet ouer wees as 21 jaar en moet om ’n CCP-permit aansoek doen. Let egter daarop dat hierdie permit nie vir die vuurwapen self is nie, maar vir die reg om dit versteek te mag dra. Daar is ’n aantal vereistes om so ’n permit te bekom, wat ’n bevoegdheidstoets insluit.[79] Tog is dit interessant dat die uitreik van dié permit aan ’n tydsbepaling onderworpe is. ’n CCP-permit moet binne 60 dae na aansoek hetsy uitgereik of geweier word, en van voldoende redes vergesel wees.[80] Die permit geld dan vir vier jaar.[81]

Uit bostaande blyk duidelik dat Texas weinig beperkinge aan ’n persoon stel om ’n vuurwapen te bekom of te besit. Ten spyte daarvan is Texas egter nie die staat met die hoogste voorkoms van geweldsmisdaad nie: Washington DC, wat oor veel strenger vuurwapenwette beskik, is boaan daardie lys. Texas is maar in die 16de plek.[82]

4.3 Samevatting

Geen lisensies word vereis om in die staat Texas handwapens of gewere te koop nie. Daarbenewens word nóg hand- en ander vuurwapens nóg die persoon self geregistreer. Die minimum ouderdomsperk vir die aankoop van ’n vuurwapen is 18, en ’n misdaadgeskiedenistoets word wel gedoen voordat ’n vuurwapen verkoop word.[83] ’n Bevoegdheidstoets word slegs in geval van aansoeke om die CCP-permit afgelê, waarvoor die minimum ouderdomsperk 21 jaar is.[84]

Die volgende tabel vat die Texas-benadering saam:

	Gewere en haelgewere	Handwapens
Is ’n lisensie/permit nodig om die wapen te koop?	**Nee**	**Nee**
Moet die wapen geregistreer word?	**Nee**	**Nee**
Moet die eienaar van die wapen geregistreer word?	**Nee**	**Nee**
Is ’n permit nodig om die wapen te dra?	**Nee**	**Ja**

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

5. Die posisie in die staat New York

In teenstelling met die een in Texas, maak die Grondwet van die staat New York nie spesifiek voorsiening vir die reg om vuurwapens te besit nie. Die New York Civil Rights Law (NYCRL) bevat egter die volgende bepaling:

> Aangesien ’n goedgereguleerde burgermag nodig is vir die sekuriteit van ’n vrye staat, mag die reg van die mense om vuurwapens te besit en te dra nie geskend word nie.[85]

5.1 Die lisensiëring en registrasie van vuurwapens, en die bevoegdheid om ’n wapen te besit

Die wetgewing in New York verskil op die oog af nie veel van dié in Texas wat betref gewere en haelgewere, of “long guns” soos die Amerikaners dit noem, nie. ’n Persoon het steeds nie nodig om ’n lisensie te verkry om gewere of haelgewere te koop nie. Voorts hoef nóg die geweer nóg die eienaar geregistreer te word.[86]

Die groot verskil lê egter in die regulering van handwapens. Ten einde ’n handwapen aan te skaf, moet ’n persoon om ’n lisensie aansoek doen. Sowel die persoon as die wapen word ook geregistreer.[87] Net soos in Texas moet ’n persoon ook om ’n CCP-permit aansoek doen.[88] Enige vuurwapen wat verkoop word, moet voorts van ’n vuurwapenslot-toestel (“gun locking device”) voorsien word.[89] Daar was voorheen nog die bykomende vereiste dat enige handwapen wat verkoop word, eers ballisties getoets moet word. ’n Afgevuurde doppie is dan op die polisie se databasis gehou om die wapen maklik met ’n persoon te kon verbind indien daar in die toekoms ’n misdaad daarmee gepleeg sou word.[90] Die wet wat hierdie vereiste gestel het, naamlik die Combined Ballistic Information System (CoBIS), is egter op 30 Maart 2012 herroep, omdat die koste en ondoeltreffendheid daarvan nie meer geregverdig kon word nie.[91]

Voordat ’n vuurwapen, hetsy ’n handwapen of geweer, verkoop mag word, moet die handelaar ’n landwye kitskontrole van die voornemende klant se misdaadgeskiedenis onderneem om seker te maak dat die wapen nie aan ’n misdadiger verkoop word nie.[92] Die minimum ouderdom vir sowel die aankoop van ’n vuurwapen as die verkryging van die nodige CCP-permit vir ’n handwapen is 21 jaar.[93] By die verkryging van ’n CCP-permit word daar egter ook vereis dat die persoon nog nooit voorheen vir enige geestesversteuring behandel moet gewees het nie, en ook nie aan ’n beskermende hofbevel onderworpe mag wees nie.[94] ’n Lisensie bly geldig totdat dit teruggetrek word.[95]

Hieruit wil dit voorkom of die vuurwapenwetgewing in New York heelwat strenger is as dié in Texas, veral wat handwapens betref. Dit is egter steeds heelwat minder beperkend as die wetgewing in Suid-Afrika. Interessantheidshalwe kan ook genoem word dat, ondanks die strenger

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

wetgewing, die moordsyfer van die staat New York, naamlik 4,5 moorde per 100 000 mense, maar net effens laer is as dié van Texas, naamlik 5 moorde per 100 000 mense.[96]

5.2 Samevatting

Lisensies word slegs vir die aankoop van handwapens vereis; nie vir gewere nie. Slegs met die aankoop van ’n handwapen word sowel die wapen as die eienaar geregistreer.[97] ’n Misdaadgeskiedenistoets word gedoen voordat enige handwapen of geweer verkoop word.[98] Die minimum vereiste vir die aankoop van enige vuurwapen is 21 jaar.[99] ’n Bykomende permit (die CCP-permit) word vereis vir die dra van ’n handwapen, waarvoor afsonderlike vereistes geld.[100]

Geriefshalwe word die posisie in die staat New York ook in tabelvorm saamgevat:

	Gewere en haelgewere	Handwapens
Is ’n lisensie/permit nodig om die wapen te koop?	**Nee**	**Ja**
Moet die wapen geregistreer word?	**Nee**	**Ja**
Moet die eienaar van die wapen geregistreer word?	**Nee**	**Ja**
Is ’n permit nodig om die wapen te dra?	**Nee**	**Ja**

6. Die posisie in Kanada

6.1 Historiese oorsig van die lisensiëring en registrasie van vuurwapens

Die eerste werklike poging in Kanada om vuurwapens doeltreffend te beheer, is reeds in 1934 aangewend. Indien handwapens aangekoop is, moes dit reeds geregistreer gewees het. Die koper se naam en adres asook inligting oor die wapen moes versamel gedokumenteer word.[101]

Daarna het ’n lang tydperk van al hoe strenger wetgewing gevolg. Veral na die federale verkiesing van 1993 het die nuwe regering sy voorneme om strenger wapenwetgewing in te stel, duidelik gemaak. Dit het tot die aanvaarding van Wetsontwerp C-68 gelei, wat alle administratiewe en lisensiesake rakende vuurwapens uit die strafwetboek verskuif en onder die nuwe Kanadese Firearms Act[102] laat val het. Hierdie nuwe wetgewing het ’n lisensiestelsel bevat waarvolgens sowel alle vuurwapeneienaars as hul wapens geregistreer moes word.[103] Alle vuurwapens – nie meer net handwapens soos voorheen nie, maar ook gewere en haelgewere – moes dus geregistreer word.[104] Spoedig is die stelsel die “long gun registry” gedoop. Diegene wat ten gunste daarvan was, het geglo dat dit tot beter beheer oor vuurwapens sou lei, terwyl

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

teenstanders ontstoke was oor hierdie bykomende inbreuk op hul privaatheid deur die regering, asook die enorme koste om die register te implementeer.[105] Aanvanklik is die koste van die register op slegs K$2 miljoen geraam. Teen 2006 het die programkoste egter reeds K$2 miljard beloop en dit was steeds nie doeltreffend nie.[106] Verskeie persone en groepe het dus die nut van die "long gun registry" bevraagteken.[107]

In April 2012 is nuwe vuurwapenwetgewing in Kanada aanvaar wat die verpligting om gewere en haelgewere te registreer, afskaf.[108] Wat die benadering tot "long guns" (gewere en haelgewere) betref, is daar dus op die vorige bepalings teruggeval. Die Firearms Act het nie 'n positiewe uitwerking op die vlakke van geweldsmisdaad in Kanada gehad nie en al die tyd, moeite en geld wat daaraan bestee is, was dus vrugteloos.

Gedurende dieselfde tydperk is minder beperkende wapenwetgewing in 25 state van die VSA ingestel wat 'n groter afname in geweldsmisdaad tot gevolg gehad het as die vorige, streng, beperkende Kanadese wetgewing.[109]

6.2 Samevatting

Slegs een lisensie word per individu toegeken.[110] Die algemene minimum ouderdomsvereiste vir die verkryging van 'n lisensie is 18 jaar.[111] Voordat 'n vuurwapenlisensie uitgereik word, word daar ook 'n misdaadgeskiedenistoets gedoen.[112] Daarbenewens is die suksesvolle aflegging van 'n volwaardige veiligheidskursus 'n vereiste vir die uitreiking van 'n lisensie.[113] Die lisensie verval gewoonlik óf vyf jaar na die eerste jaar vanaf die datum van uitreiking, óf met die verstryking van die tydperk waarvoor dit uitgereik is – wat ook al eerste aanbreek.[114] Die Kanadese vuurwapenregister bevat inligting oor sowel elke vuurwapenlisensie as die aansoek daarom.[115] Ten einde 'n vuurwapen versteek te mag dra, moet daar vir 'n addisionele permit, die sogenaamde ATC-permit (Authorisation To Carry-permit), aansoek gedoen word.[116]

In tabelvorm sien die Kanadese benadering tot vuurwapenbeheer dus soos volg daar uit:

	Gewere en haelgewere	Handwapens
Is 'n lisensie/permit nodig om die wapen te koop?	**Ja**	**Ja**
Moet die wapen geregistreer word?	**Nee**	**Ja**
Moet die eienaar van die wapen geregistreer word?	**Ja**	**Ja**
Is 'n permit nodig om die wapen te dra?	**Nee**	**Ja**

7. Samevatting en riglyne vir die pad vorentoe

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Suid-Afrika volg tans die roete van drakoniese vuurwapenbeheer in ’n poging om die misdaadprobleem in die land die hoof te bied. Die land het hierdie rigting in 2004 ingeslaan met die inwerkingtreding van die Wet op Beheer van Vuurwapens. Die onlangse Wet op Gevaarlike Wapens[117] het nie hierdie benadering enigsins verander nie.

Uit ’n vergelykende studie blyk dat sowel die Amerikaanse state Texas en New York as Kanada oor die algemeen oor minder beperkende vuurwapenwetgewing as Suid-Afrika beskik. Nie Texas, die staat New York of Kanada beperk byvoorbeeld hul burgers tot een vuurwapen vir doeleindes van selfverdediging nie.

Die besit van ’n vuurwapenlisensie is in sowel Suid-Afrika as Kanada ’n voorvereiste vir die aankoop van hand- en ander vuurwapens. In Texas word geen lisensie vir die aankoop van enige vuurwapen vereis nie, terwyl voornemende kopers van handwapens in New York ’n lisensie nodig het.

Wat betref die aflê van ’n bevoegdheidstoets voor die aankoop van ’n vuurwapen (wat in Suid-Afrika en Kanada vereis word), kan Suid-Afrika by die huidige benadering in Kanada leer waar ’n volwaardige veiligheidskursus bygewoon en geslaag moet word om ’n vuurwapenlisensie te bekom. Daarbenewens moet ’n bykomende kursus suksesvol voltooi word voordat ’n handwapen aangekoop mag word.[118] Hierdie veiligheidskursusse word deur instrukteurs aangebied wat saam met die voornemende vuurwapeneienaars deur twee handboeke, naamlik die Kanadese vuurwapenveiligheidskursus en – in geval van aansoeke om ’n handwapen – die Kanadese beperkte vuurwapenveiligheidskursus, werk. Hierdie kursusse dek verskeie onderwerpe.[119] Dit is opmerklik dat selfs diegene wat slegs ’n lisensie vir ’n gewone geweer of haelgeweer wil bekom (wat nie in Kanada geregistreer hoef te word nie), die kursus moet slaag. Die bevoegdheid van die geweereienaar word met ander woorde steeds getoets en as belangrik geag, en die eienaar self word geregistreer.

In Suid-Afrika word sowel hand- en ander vuurwapens as die eienaar geregistreer, terwyl daar geen sprake van registrasie van enige vuurwapen of eienaar in Texas is nie. In die staat New York word slegs handwapens en die eienaars daarvan geregistreer, terwyl Kanada alle vuurwapeneienaars asook slegs handwapens, registreer. Die Suid-Afrikaanse regering kan hier gaan kers opsteek by die staat New York en Kanada, waar die registrasie van vuurwapens buiten handwapens afgeskaf is. Hierdie ontwikkelde lande het besef dat, selfs met die hulpbronne tot hul beskikking, onpraktiese en ondeurdagte vuurwapenwetgewing enorme openbare besteding verg om dit ten uitvoer te bring. In navolging van voormelde stelsels kan Suid-Afrika dit dus oorweeg om die registrasie van gewere en haelgewere af te skaf, en net handwapens te registreer. So ’n stap kan geregverdig word juis omdat handwapens verreweg die meeste in misdaad gebruik word en dus strenger beheermaatreëls vereis.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Suid-Afrika is in pas met die staat New York wat die minimum ouderdomsperk vir die aankoop van ’n vuurwapen betref, naamlik 21 jaar. In sowel Texas as Kanada is die minimum ouderdomsperk egter 18 jaar, wat met die meerderjarigheidsouderdom in Suid-Afrika ooreenstem.

Die enigste opsig waarin Texas, New York en Kanada se wetgewing meer beperkend is as Suid-Afrika s’n, is die bykomende vereiste van ’n CCP-permit (in die geval van Kanada bekend as ‘n ATC-permit) om ’n vuurwapen op versteekte wyse te dra. In al drie voormelde buitelandse jurisdiksies word ’n permit vereis om ’n handwapen versteek te dra, maar nie in Suid-Afrika nie. Artikel 84 van Suid-Afrika se Wet op Beheer van Vuurwapens vereis slegs dat waar handwapens in die openbaar gedra word, dit in ’n pistoolsak of rugsak gedra moet word en dat die eienaar doeltreffende beheer daaroor moet uitoefen. Die vraag ontstaan dus of minder beperkende wetgewing ten opsigte van die besit van vuurwapens, dog meer beperkinge ten opsigte van die versteekte dra daarvan in die publiek, nie dalk ’n groter rol in die voorkoming van misdaad kan speel nie.

Hoewel die benadering in Texas oor die algemeen dalk ietwat te liberaal is vir ’n land soos Suid-Afrika is, behoort ons land veral by die volg van die huidige benadering in Kanada te kan baat vind. Die volgende word daarom ten opsigte van vuurwapenbeheer in Suid-Afrika voorgestel:

	Gewere en haelgewere	Handwapens
Is ’n lisensie/permit nodig om die wapen te koop?	**Ja**	**Ja**
Moet die wapen geregistreer word?	**Nee**	**Ja**
Moet die eienaar van die wapen geregistreer word?	**Ja**	**Ja**
Is ’n permit nodig om die wapen te dra?	**Nee**	**Ja**

Bibliografie

Cronje, F. 2011. Why the Firearms Control Act failed and what should be done about it. http://www.sairr.org.za/sairr-today-1/research-and-policy-brief-why-the-firearms-control-act-failed-and-what-should-be-done-about-it-21st-june-2011 (13 Februarie 2012 geraadpleeg).

Dye, D. 2008. Firearms control legislation: A necessary tool for reducing violent crime in South Africa? *Arms Control: Africa*,1(4):6–7.

Federal Bureau of Investigation (FBI). 2010. Uniform crime reports. http://www.fbi.gov/about-us/cjis/ucr/crime-in-the-u.s/2010/crime-in-the-u.s.-2010/tables/10tbl04.xls (20 Mei 2012 geraadpleeg).

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Gamba, V. (red.). 2000. *Society under siege. Volume 3. Managing arms in South Africa.* Pretoria: Instituut vir Sekerheidstudies.

Hefer, J. 2000. The firearms control bill and the right to life and personal security. *Man Magnum*, 25(2):48–51.

Jansen, R.M. en H.M. de Klerk. 2005. Wapenbeheer: Die posisie van die wapeneienaar in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Regswetenskap*, 30(2):80–94.

Kirsten, A. 2000. The role of NGOs in the control of light weapons proliferation and the reversion of violence: A case study of gun free South Africa. In Gamba (red.) 2000.

Masanzu, K. 2006. Of guns and laws: A South African perspective in light of United Kingdom and United States gun laws. *Comparative and International Law Journal of Southern Africa*, 39(1):131–51.

Mauser, G. 2003. The failed experiment: Gun control and public safety in Canada, Australia, England and Wales. *Public Policy Sources*, 71:1–25 (November).

—. 2006. After the gun registry. *Fraser Forum*, ble. 18–20 (Mei).

Meek, S. 2002. Getting a grip on guns: Rolling out the Firearms Control Act. *SA Crime Quarterly*, 1 (Julie):19-22.

Minnaar, A. 2006. The struggle to legislate for stricter gun control measures and the SA Firearms Control Act 60 of 2000. *Acta Criminologica*, 19(1):42–56.

National Rifle Association (NRA). 2012a. State Gun Laws: Texas. http://www.nraila.org/gun-laws/state-laws/texas.aspx (8 Mei 2012 geraadpleeg).

—. 2012b. State Gun Laws: New York. http://www.nraila.org/gun-laws/state-laws/new-york.aspx (8 Mei 2012 geraadpleeg).

Nationmaster. 2012. Crime statistics > Murders with firearms (most recent) by country. http://www.nationmaster.com/graph/cri_mur_wit_fir-crime-murders-with-firearms#source (26 Maart 2012 geraadpleeg).

New York State Police. 2012. Termination of the CoBIS program. http://troopers.ny.gov/FAQs/Firearms/CoBIS (20 Mei 2012 geraadpleeg).

Noah, A. s.j. How can I legally buy a gun in Canada? http://www.howtogetagun.ca (18 Maart 2014 geraadpleeg).

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Palolucci, H. 1963. *Cesare Beccaria, On crimes and punishment as translated by Henry Palolucci*. Indianapolis: Bobbs-Merrrill.

Parker, S. 2011. *Small arms survey 2011, States of security: Balancing Act: Regulation of civilian firearm possession.* Genève: Small Arms Survey.

Royal Canadian Mounted Police (RCMP). 2012a. History of firearms control in Canada: Up to and including the Firearms Act. http://www.rcmp-grc.gc.ca/cfp-pcaf/pol-leg/hist/con-eng.htm (21 Julie 2012 geraadpleeg).

—. 2012b. Canadian Firearms Safety Course. http://www.rcmp-grc.gc.ca/cfp-pcaf/safe_sur/cour-eng.htm (18 Maart 2014 geraadpleeg).

Small Arms Survey. 2007. Yearbook. http://www.smallarmssurvey.org/fileadmin/docs/A-Yearbook/2007/en/Small-Arms-Survey-2007-Chapter-02-annexe-4-EN.pdf (14 Maart 2012 geraadpleeg).

Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD). 2011. Crime statistics. http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2011/categories.htm (14 Maart 2012 geraadpleeg).

Eindnotas

[1] Palolucci (1963:87–8).

[2] 60 van 2000, hierna Wet op Beheer van Vuurwapens.

[3] 75 van 1969, hierna Wet op Wapens en Ammunisie.

[4] Cronje (2011).

[5] *Ibid*.

[6] Hefer (2000:49).

[7] 15 van 2013.

[8] Afrikaanse aanhalings uit die wet kom deurgaans uit Juta se amptelike vertaling.

[9] Art. 5 lui voorts soos volg: “Die volgende toestelle is by die toepassing van hierdie Wet nie vuurwapens nie:*(a)* Enige plofbare kragwerktuig vervaardig spesifiek vir gebruik in industriële aanwending, met inbegrip van lynwerpende gewere en ‘impex’-tipe betongewere; *(b)* enige plofbare kragwerktuig wat vervaardig is vir die afspatting van rots of beton deur middel van die afvuur van ’n plofbare patroon; (*c*) enige industriële werktuig vervaardig om gebruik

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

te word deur die myn- en staalnywerheid om vuurvaste materiaal te verwyder; *(d)* enige kabelpengeweer vervaardig vir gebruik in 'n abattoir vir die sagslagting van diere; *(e)* 'n antieke vuurwapen; *(f)* 'n windgeweer; *(g)* 'n verdowingsvuurwapen; *(h)* 'n verfbalgeweer; *(i)* 'n fakkelgeweer; *(j)* 'n gedeaktiveerde vuurwapen; *(k) e*nige ander toestel waaraan die Minister, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, vrystelling verleen. (2) 'n Kennisgewing beoog in subartikel(1)*(k)* moet minstens 14 dae voor die publikasie daarvan in die Parlement ter tafel gelê word indien die Parlement dan in sitting is en, indien die Parlement nie in sitting is nie, binne sewe dae nadat die volgende sitting 'n aanvang geneem het. (3) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1)(*k)* bly volledig van krag totdat dit deur die Minister of by besluit van die Parlement herroep word."

[10] Wet op Wapens en Ammunisie art. 3.

[11] Art. 15.

[12] Art. 39.

[13] Jansen en De Klerk (2005:82).

[14] Masanzu (2006:133).

[15] Wet op Wapens en Ammunisie art. 11.

[16] Masanzu (2006:134).

[17] Wet op Wapens en Ammunisie art. 3(1). Sien ook Dye (2008:6–7).

[18] Wet op Wapens en Ammunisie art. 8.

[19] Minnaar (2006:44).

[20] Wet op Wapens en Ammunisie art. 8(2).

[21] Minnaar (2006:44).

[22] Masanzu (2006:136).

[23] 2002 6 SA 431 (HHA).

[24] 433A-B (vry vertaling).

[25] Sien 433B-D.

[26] Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, hierna die Grondwet.

[27] Hefer (2000:51); persoonlike onderhoud ook op 8 Maart 2012 met Hefer gevoer.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

[28] SAPD (2011).

[29] *Ibid*.

[30] *Ibid*.

[31] (2006:54).

[32] Minnaar (2006:49). Sien ook die Wet op Beheer van Vuurwapens artt. 102 en 103.

[33] Minnaar (2006:49).

[34] Wet op Beheer van Vuurwapens art. 104(6).

[35] Wet op Wapens en Ammunisie art. 14(2).

[36] Cronje (2011).

[37] Wet op Beheer van Vuurwapens art. 108.

[38] Art. 109.

[39] Art. 113.

[40] Art. 114.

[41] Minnaar (2006:54).

[42] Minnaar (2006:50).

[43] Wet op Beheer van Vuurwapens art. 9.

[44] Artt. 27, 13, 14 en 15.

[45] Art. 13(2)b.

[46] Hefer (2000:49).

[47] Wet op Beheer van Vuurwapens art. 13(1) en (3).

[48] Art. 15.

[49] Meek (2002:43).

[50] Wet op Beheer van Vuurwapens art. 120(8)a. Sien ook Hefer (2000:49).

[51] Wet op Beheer van Vuurwapens art. 20(4).

[52] Art. 27.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

[53] *Ibid*.

[54] Hefer (2000:49).

[55] Wet op Beheer van Vuurwapens art. 2(b).

[56] Minnaar (2006:46).

[57] *Ibid*.

[58] Hefer (2000:50).

[59] Wet op Beheer van Vuurwapens art. 2(c).

[60] Hefer (2000:50).

[61] Wet op Beheer van Vuurwapens art. 13.

[62] Hefer (2000:51).

[63] (2005:87).

[64] Kirsten (2000:207).

[65] Small Arms Survey (2007).

[66] *Ibid*.

[67] Nationmaster (2012.

[68] Parker (2011:52,56).

[69] Wet op Beheer van Vuurwapens artt. 13, 15.

[70] Artt. 124, 125.

[71] Artt. 6, 9.

[72] Art. 9.

[73] Sien artt. 9, 84.

[74] Vry vertaling van die Texas Constitution, 1876 art. 1(23) wat soos volg lui: "Every citizen shall have the right to keep and bear arms in the lawful defense of himself or the State; but the Legislature shall have power, by law, to regulate the wearing of arms, with a view to prevent crime."

[75] Parker (2011:46).

[76] NRA (2012a).

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

[77] Texas Penal Code §46:06.

[78] Texas Penal Code §46:04.

[79] Texas Government Code §411:174.

[80] Texas Government Code §411:177.

[81] Texas Government Code §411:183.

[82] FBI (2010); sien ook Parker (2011:2).

[83] Texas Penal Code §46:06.

[84] Texas Government Code §411:174.

[85] Vry vertaling van NYCRL§2(4) wat soos volg lui: "A well regulated militia being necessary to the security of a free state, the right of the people to keep and bear arms cannot be infringed."

[86] NRA (2012b).

[87] New York Penal Law §400.

[88] *Ibid*.

[89] New York Penal Law §265.

[90] New York General Business Law§ 396 e.v.

[91] New York State Police (2012).

[92] New York Penal Law §265.

[93] New York Penal Law §400.

[94] *Ibid*.

[95] *Ibid*.

[96] FBI (2010).

[97] New York Penal Law §400.

[98] New York Penal Law §265.

[99] New York Penal Law §400.

[100] *Ibid*.

[101] RCMP (2012a).

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

[102] S.C. 1995 c. 39.

[103] S.C. 1995 c. 39 art. 4(a)i.

[104] S.C. 1995 c. 39 art. 4(a)i.

[105] Mauser (2003:4).

[106] Mauser (2006:18).

[107] *Ibid*.

[108] An Act to amend the Criminal Code and the Firearms Act S.C. 2012 c. 6 art. 9.

[109] Mauser (2003:15).

[110] Firearms Act S.C. 2012 art. 56(2).

[111] Art. 8.

[112] Art. 5.

[113] Art. 7.

[114] Art. 64.

[115] Artt. 83, 56(2).

[116] Art. 57.

[117] 15 van 2013.

[118] Noah (geen datum).

[119] Soos die ontwikkeling van vuurwapens, basiese praktyke vir vuurwapenveiligheid, ammunisie, aksies in die hantering van vuurwapens, veilige prosedures vir die hantering en dra van vuurwapens, skiettegnieke, die verantwoordelikheid van vuurwapeneienaars, en die veilige berging, tentoonstelling en hantering van vuurwapens. RCMP (2012b).

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za